KB Ministries

PS KAI BEUKES

082 979 5698 | www.kbministries.co.za

**NUUSBRIEF NO.3**

Goeie dag al die dierbares.

Dit lyk darem vir my of ons nou uiteindelik regtig in beweging gaan kom met die werk en doel van die web-tuiste.

Daar is reeds ‘n nuwe reeks leringe beskikbaar mbt. Geestelike Oorlogvoering. Dit is ‘n redelike groot reeks, maar kort per uitsending, sodat mense liewer stadiger die kenns kan wegbêre as wat dit te lang leringe is, en dit word later uitputtend.

Daar gaan ook nou in die afsienbare tyd ernstig begin word met die poging om alle dierbares wat onaktief geword het in die kerkwêreld, weer te bedien met die woord van die Here, en hulle sodoende weer te herstel en te restoureer.

Dit sal nie die begin van ‘n nuwe kerk wees nie, daar sal ook, hopelik nooit gelde gevra word nie, tensy die poging dalk kan uitloop op groot veldtogte wat iewers nodig sou word.

Daar is verskeie probleme in die kerkwêreld wat dit moeilik maak vir baie mense om langer daarvan deel te wees. Die poging gaan beslis nie om die kerk aan te val nie, inteendeel, ons sal nog baie moet bid vir die kerk van die Here Jesus!!

Dit is vir my duidelik dat daar waarskynlik meer dierbare kinders van die Here

buitekant die kerk sit, as binne in die kerk op ‘n Sondag. Die poging sal beslis op daardie dierbares gemik wees en daar sal gekonsentreer word om te herstel en nie net nog ‘n preekbeurt nie.

Kyk gerus uit vir die aankondiging in die nabye toekoms.

Vrede vir U

Past. Kai Beukes